# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans – Vraestel 1** | **Eksaminatrise** | **Mev Pienaar** |
| **Datum** | **Junie 2017** | **Totaal** | **Taal: 15 Leesbegrip: 25** |
| **Sessie** | **2** | **Tyd** | **1 uur 30 min** |
| **Graad** | **6** | **Moderator** | **Mev Fourie** |
| **Spesiale Instruksies** | **Mag NIE woordeboeke gebruik NIE.** | | |

**This Afrikaans Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking. Up to 10% of the total mark allocation may be deducted for spelling and grammatical errors, except in the case of Language papers, where deductions are made according to a memorandum.**

**Naam: ______________________________ Graad: 6______**

______________________________________________________________

## Afdeling A – Leesbegrip

### Vraag 1 – Wat het jy gesien?

**Lees die volgende vrae oor 'n diefstal by die skool. Lees daarna die ooggetuie verslae. Gebruik die verslae om die vrae te beantwoord.**

**1. Kies die regte antwoord. Onderstreep die regte antwoord.**

A. Hoekom het die skoolhoof die polisie geroep? (1)

a. Want die klaskamer was nie gesluit nie.
b. Want Mevrou Marx het die geld gehad.
c. **Want daar was 'n diefstal by die skool.**

B. Wie is die skoolopsigter? (1)

a. **Mnr. Chow**
b. Danny
c. Mevrou Marx
d. Mevrou Swart

C. Watter sport speel Danny na skool? (1)

a. **Sokker**
b. Netbal
c. Rugby

D. Hoe dink jy het Mevrou Marx gevoel toe die polisie met haar gepraat het? (1)

a. **verbaas**
b. **boos**
c. vrolik
d. **hartseer**

E. Wat het Mnr. Chow saam met Mnr. Snow gedoen? (1)

a. Hulle het sokker gespeel
b. Hulle het die geld gesteel
c. **Hulle het die grassnyer probeer reg maak**
d. Hulle het die polisie geroep

F. Wie het die klaskamer skoon gemaak? (1)

a. Mnr. Chow
b. **Mevrou Dyantjies**
c. Mevrou Marx
d. Mevrou Snow

2. Wie dink jy het die geld uit die klas gesteel? Hoekom dink jy so? (2)
   **Enige verduideliking / Any reasonable answer**

3. Hoekom voel Mevrou Marx so sleg? (1)
   **Want sy het vergeet om die geld weg te sluit**

4. Waar was Mervrou Marx voor drie uur? (1)
   **Sy was by ‘n vergadering**

6. Kyk na die mense in kolom A en hulle werk by Tom Newby Skool in kolom B. Pas die twee bymekaar. Skryf net die nommer neer.

| A | B |
|---|---|
| a. Mnr. Lithgow | 1. Sportafrigter |
| b. Mnr. Van Rensberg | 2. Skoolopsigter |
| c. Mev. Williams | 3. Sekretaris |
| d. Frank | 4. Onderwyseres |
| | 5. Skoonmaker |

a. ___2___ b. ___1___ c. ___3___ d. ___5___

(4)

7. Onderstreep die regte woord tussen hakies. (1)
Juffrou Ward is 'n (onderwyser/onderwyseres).

## Storie
## Wat het jy gesien?



Ek het die blik vir juffrou Marx gedra. Sy het dit in die kas toegesluit. Ek het tot kwart oor vier by die skool gebly. Ek het sokker gespeel en toe vir meneer Xolise gehelp. Ek stap elke dag huis toe.

Danny, die sportafrigter.

'n Telkom-werker het die telefoon hier kom insit! So tussen eenuur en drie-uur. Niemand anders het ingekom nie. Net meneer Xolise het twintig voor vier kom bel.



Mnr. Chow, die skoolopsigter.



Mej. Swart, die skool sekretaresse voor vyf gesluit. Ek en meneer Snow het die grassnyer probeer reg maak. Mevrou Dyantjies het al drieuur kom sê sy is klaar in die klaskamer. Ek het vergeet om die deur te sluit! Ek het nie in die klaskamer rondgekyk nie.

Ek het die klaskamer oopgelos vir mevrou Dyantjies. Sy maak dit skoon na skool. Die klas was toegesluit! Ek het na ‘n vergadering gegaan en is so tien oor drie terug klas toe om my mandjie te kry. Ek is toe huis toe en het vergeet om die geld in die kantoor se kluis te sit. Nou is die geld weg!



Mevrou Marx, die onderwyseres.



Ek het die klaskamer goed skoongemaak na skool. Daar was niks op die vloer nie! Ek het uitgevee en tel altyd dinge van die vloer af op. Ek het al die rommel in die asblik gegooi. Ek het niemand in die klas gesien nie. Die klas was toe!

Mevrou Dyantjies, die skoonmaker.

**Vraag 2 – Super Hero**

**Lees die volgende vrae oor die liedjie "Super Hero". Lees daarna die woorde van die liedjie. Gebruik die woorde van die liedjie om die vrae te beantwoord.**

1. Wie is die sangers van 'Super Hero'. (1)
   **Eden**

2. Watter twee reëls in die liedjie sê vir ons dat hy oor haar in die nag gaan waak. Gee net die reël nommers. (1)
   **11 en 12**

3. In reël 16, sê die sanger dat hy vir haar soos 'n reus sal baklei. Is dit 'n voorbeeld van klanknabootsing of vergelyking? (1)
   **vergelyking**

4. Watter soort rympatroon is daar in strofe twee? Onderstreep die regte antwoord. (1)
   a. abba
   b. abca
   c. **aabb**
   d. abcb

5. In strofe drie is daar vier stel rymende woorde. Skryf twee paar rymende woorde neer. Bv. Speel en veel. (2)
   **1. vang-wang OR nou-jou** **2. Bewys-grys OR jy-my**

6. Dink jy dat die sanger regtig vir die meisie omgee? Verduidelik jou antwoord. (2)
   **Ja**
   **Any reasonable reason**

7. Hoe lank gaan hy oor haar waak? Onderstreep die regte antwoord. (1)
   a. Tot hy 'n reus is. b. Tot Spiderman hom help.
   c. **Tot sy glimlag**. d. **Tot hulle oud en grys is.**

8. In vers twee is die weer goed of sleg? **sleg** (1)

Totaal Leesbegrip A: /10

**<u>Super hero — Eden</u>**

*Koor*

*Kan ek jou Superman, Batman,*
*Ironman, Spiderman wees.*
*Ek sal jou oppas in die donker*
*Vir jou 'n hero wees.*
*Kan ek jou Superman, Batman,*
*Ironman, Spiderman wees.*
*Sal die wêreld vir jou aanvat*
*Vir jou 'n hero wees.*



**Kan ek jou hero wees**
**In al die stories wat jy lees**
**En elke aand as jy gaan slaap**
**Is ek die een wat oor jou waak.**

**Ek sal die donderweer,**
**Warrelwinde teen jou deur,**
**Ek sal die held hier binne my**
**Net soos 'n reus vir jou baklei.**

*Koor*


**Ek sal jou trane vang,**
**Voor dit rol oor jou wang,**
**Want net een glimlag vir nou**
**Is al wat ek nodig het van jou.**
**Ek sal dit weer en weer bewys**
**Al word ons oud al word ons grys**
**Want ek weet dit is net jy**
**Dis jy wat 'n hero maak van my**

*Koor*

**Ek's 'n man met 'n hart van staal**
**Wat jou nie sal laat gaan**
**En vanaand is die aand**
**Wat ek jou vra…**

**<u>Afdeling B – Taal</u>**

Kyk mooi na die prentjie van die seerowerskip. Gebruik die prentjie om jou te help om die taal vrae te beantwoord.



1. **Skryf die sin in die negatiewe vorm** (1)
   Kaptein Jack het gesê dat die haai baie honger is.
   **Kaptein Jack het nie gesê dat die haai baie honger is nie.**

2. **Skryf die sin oor met die regte leestekens**. (2)
   die seerower langs dokter de klerk lyk net soos 'n skelm
   **Die seerower, langs dokter de Klerk, lyk net soos 'n skelm.**

3. **Voltooi die sinne met die regte voorsetsel** (2)
   a. Die haai is **in** die see.
   b. Daar is 'n seerower **op** die eiland.

4. **Onderstreep die regte telwoord tussen hakies om die paragraaf waar te maak.** (2)
   Daar is (twee/drie/**vier**) seerowers in die prent. Daar is (**meer**/minder)

haaie as seerowers in die prent.

5. **Onderstreep die regte woorde tussen hakies om die sin waar te maak.** (1)

‘Baie’ is ‘n (bepaald/**onbepaald**) (**hooftelwoord**/rangtelwoord).

6. **Skryf die sin oor met die regte woordoorde.** (2)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| seerowers | vreeslike | Die | die | maak | hele | ‘n | geraas | nag |

**Die seerowers maak ‘n vreeslike geraas die hele nag.**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| haai | dit | donker | soek | word, | die | kos | Wanneer |

**Wanneer dit donker word, soek die haai kos.**

7. **Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.** (1)

Die seerowers gaan nie swem nie. Die seerowers is bang vir haaie. *(omdat)*

**Die seerowers gaan nie swem nie omdat hulle bang vir haaie is.**

8. **Voltooi die sinne. Gebruik die voornaamwoorde uit die woordblok net een keer elk.** (4)

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| syne | hom | haar | Hulle s’n | hy | my | hulle |

a. Dit is die seerowers se skip, die skip is **hulle s’n.**
b. Hulle slaap op **hulle** skip elke nag.
c. Die seerower se ma,woon op **haar** eie skip.
d. Ek het **my** sak op die eiland vergeet toe ek weggehardloop het.